Woordfees is 'n suksesverhaal

Theo Kemp

Woordfees 2006 het bewys dat almal mal is oor stories. En dat ons graag na mekaar se verhale luister. Of dit nou die storie van die Nederlandse smartlappe is, laataand stories om kerslig en vure, vroue se herinnering oor hulle pa's, die storie van China as volgende wêreldmag, skinder uit die haarsalon, die stories wat die musiek uit die Karoo vertel. Noem maar op. Bykans 28,000 mense (7000 meer as verlede jaar) het van oral die Eikestad ingestroom – selfs van Nederland en België – om in die week van 6 - 12 Maart tjoepstil, of skreeuend van die lag, hier en daar met 'n traan in die oë, soms omgekrap, maar altyd aandagtig – na die stories te luister wat die sewende Woordfees van die Universiteit Stellenbosch te vertelle gehad het.

'n Toneel uit "Die reënvoëltjie wat melk kon maak". Dié gemeenskapsdrama, aangebied deur die Stellenbosch Museum, is geskoei op 'n Xhosa intsomi. Hierdie stuk, waarin leerders van Kayamandi deelgeneem het, se première was by Woordfees 2006 en is by die KKNK vir 'n Kanna benoem.



Peter Braaff dramatiseer van Adam Small se gedigte tydens die besonderse vererings-program oor dié formidabele skrywer se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde.

Die befaamde musikant, David Kramer, was tydens 'n vonkelwynontbyt by Spier vereer vir die manier waarop hy Suid-Afrika se unieke stories deur musiek vertel.

Oor die 600 leerders uit voorheen benadeelde skole het die Woordfees bygewoon as deel van die fees se WOW (Woorde Open Wêrelde)-projek. Relevante werkswinkels, 'n drama, straatfees en musiekvertoning is vir dié leerders gratis gebied. Met die WOW-projek wil die Woordfees graag leerders se wêrelde verruim deur hulle bloot te stel aan die letterkunde, én naskoolse opleiding aan die US onder hulle aandag bring.

Die Woordfees se vlagskip-produksie, "Skrywersgala", was vanjaar heeltemal uitverkoop. Topskrywers PG du Plessis, Elias P. Nel, Abraham H. de Vries, George Weideman, Rachelle Greeff, EKM Dido, asook die Nederlandse skrywer Mustafa Stitou het hieraan deelgeneem. Ook die veteraan-akteurs Joanie Combrink, Susanne Beyers, Johann Nel, Francois Toerien, en Nicole Holm was hierin te sien.

WAT 'n fees!

Die bekende sanger en skrywer, Koos Kombuis, het vanjaar by die WAT se Woordpret-funksie opgetree. Koos is die kleinseun van dr PC Schoonees, die tweede hoofredakteur van die WAT.

Die US vier hierdie jaar saam met die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) hul 80-jarige bestaan. Die US speel reeds sedert 1930 gasheer vir die WAT.

"Die taak van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* bly steeds om die ganse woordeskat van Afrikaans te probeer dokumenteer. Afrikaans in al sy verskyningsvorme, naamlik standaardtaal, streektaal, geselstaal en die verskillende variëteite van Afrikaans moet te boek gestel word," sê die huidige Hoofredakteur en Uitvoerende Direkteur, dr Willem Botha. Onlangs het die WAT deel XII afgehandel wat die letters P en Q bevat en werk nou aan die letter R. Die drukkoste verbonde aan 'n deel beloop tans R500 000 en benewens die regering se jaarlikse subsidie van R1,5 miljoen maak die WAT staat op donateurs om die leemtes te vul.

"Ons grootste kopers is professionele mense soos advokate, prokureurs, dosente, onderwysers, predikante, taalpraktisyns en skrywers. Die WAT se relevansie vir ons tyd word daardeur bewys dat ses universiteite, waaronder die US, onlangs die gebruiksreg van die internetweergawe gekoop het."

Kontak dr Botha by (021) 8873113 of by wfb@sun.ac.za. Die webwerf is www.sun.ac.za/wat